



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VERBRUIKERSTUDIES (PRODUKSIE VAN KLEDING EN SAGTE MEUBLEMENT)

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2012

INLIGTING VIR ONDERWYSERS

Hierdie riglyne bestaan uit 11 bladsye.

DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK VIR VERBRUIKERSTUDIES PRODUKSIE VAN KLEDING EN SAGTE MEUBLEMENT

1. OORSIG

- Tydens die Praktiese Assesseringstaak moet die leerder sy/haar **kennis en praktiese vermoëns/vaardighede** demonstreer om kleding of sagte meublement te produseer.
- Die fokus is die **geskiktheid van die item vir verkope**.
- Leerders sal 'n verskeidenheid tegnieke gebruik.
- Leerders sal hierdie praktiese eksamens individueel doen.
- Die Praktiese Assesseringstaak vir graad 12 bestaan uit:
 - 'n Uitlê-en-sny-sessie: 1 uur
 - 'n Praktiese eksamen in kwartaal 2: 3 uur
 - 'n Praktiese eksamen in kwartaal 3: 3 uur
- Tydens hierdie drie sessies ('n totaal van 7 uur) moet die leerder een kledingstuk of item voltooi.

2. PUNTETOEKENNING EN TYDRAAMWERK

- Die punt vir die Praktiese Assesseringstaak word verkry deur die punte vir die drie sessies, soos hieronder aangedui, te kombineer. Die punte moet saam 100 tel. Die onderwyser sal besluit op die punte vir elke sessie, afhangend van die kledingstuk/item wat sy/hy gekies het. Sien BYLAE 2.

| | | |
|-------------------------------|------------|--------------|
| Uitlê en sny | | 1 uur |
| Praktiese eksamen: kwartaal 2 | | 3 uur |
| Praktiese eksamen: kwartaal 3 | | 3 uur |
| Finale punt vir PAT | 100 | 7 uur |

- Die praktiese eksamens moet opgeneem word in die eksamen-/toetsrooster in die tweede en derde kwartaal.
- Al drie die sessies moet onder streng eksamentoestande, onder toesig van die onderwyser gedoen word.
- Die punte van die PAT is deel van die jaareinde-assessering.
- Die provinsie sal twee afsonderlike gerekenariseerde puntestate voorsien, een vir SGA en een vir die PAT.

3. VEREISTES VIR DIE PRAKTIESE EKSAMENS

Verbruikerstudies is 'n keusevak met verskillende praktiese opsies. Die skool het besluit om Verbruikerstudies as vak aan te bied en het kleding of sagte meublement as praktiese opsie gekies. Daarom is die **apparaat en fondse wat nodig is om die PAT te administreer die verantwoordelikheid van die skool, soos gespesifiseer in Omsendbrief S8 van 2006**.

- 'n Geskikte klaskamer met die nodige apparaat. Verwys na nommer 6.
- Die nodige fondse om kommersiële patrone (met instruksieblaaie), materiaal en ander naaldwerkbenodigdhede te koop om die gekose kledingstukke of items te maak.
- Twee leerders mag een naaimasjien deel. Die getal leerders wat die eksamen terselfdertyd doen, is daarom afhanglik van die getal WERKENDE naaimasjiene beskikbaar.

4. KIES DIE PATROON

- Kies enige klein item wat die leerder sal kan maak met die vaardighede wat hy/sy tydens die praktiese lesse vir SGA bekom het, soos 'n rok/hemp vir 'n kleuter of klere vir 30–40 cm-poppe, 'n klein sakkie, ens.
- Raadpleeg die vaardigheidskode (wat met die puntetoekenning ooreenstem). Die totale punt vir die PAT moet 100 punte wees.
- Kledingstukke: Koop 'n kommersiële patroon. (Dit is wys om 'n patroon te kies vir wat vir graad 10, 11 en 12 geskik is.) Die patroondele moet klein genoeg wees om op A3-papier te kopieer. Kopieer 'n patroon en instruksieblad vir elke leerder. Die leerder moet tydens die eksamen vanaf die instruksieblad werk.
- Sagte meublement: Die onderwyser mag 'n patroon ontwikkel of mate gee vir sny en 'n instruksieblad tik. Kopieer hierdie instruksieblad vir elke leerder. Die leerder moet tydens die eksamen vanaf die instruksieblad werk.
- Die item/kledingstuk moet tegnieke insluit wat in al drie grade geleer is.
- Raadpleeg die vaardigheidskode (wat met die puntetoekenning ooreenstem) om die moeilikheidsgraad van die naaldwerktegnieke te bepaal. Tegnieke vir die PAT in graad 12 moet 'n totale gewigswaarde van 100 hê.
- Die **gemiddelde** leerder behoort hierdie item in die 7 uur toegestaan te kan voltooi.

5. EERSTE FASE VAN MODERERING

Die volgende inligting moet aan die moderator vir goedkeuring voorgelê word gedurende die eerste week van die tweede kwartaal:

- 'n Fotokopie van die patroonkoevert/illustrasie van die item (sagte meublement)
- 'n Kopie van die instruksieblad wat aan leerders gegee sal word
- 'n Puntestaat vir die item, deur die onderwyser ontwikkel (*sien voorbeeld ingesluit*). Die puntestaat is ook 'n aanduiding van die gewigswaardes van die tegnieke, aangesien die gewigswaardes en punte ooreenstem.
- Die lys van materiaal, naaldwerkbenodigdhede, ens. wat gekoop moet word
- Die geraamde koste per leerder
- Die voltooide kontrolelys, nagegaan en deur die skoolhoof geteken

6. VOORBEREIDING VIR DIE TAAK

- Koop die patroon, materiaal en ander naaldwerkbenodigdhede.
- Deel leerders in groepe volgens die getal naaimasjiene. Twee leerders mag een naaimasjiene deel. Twee groepe leerders kan die eksamen op dieselfde dag doen (bv. van 08:00–11:00 en van 12:00–15:00). Die onderwyser sal tyd tussen die twee sessies nodig hê om die naaimasjiene na te gaan, die materiaal en patrone uit te sit en om die plek vir die tweede groep voor te berei.
- Berei die naaimasjiene voor:
 - Naaimasjiene moet een keer per jaar gediens word.
 - Toets en bedraad alle naaimasjiene vooraf.
 - Al die naaimasjiene moet in 'n werkende toestand wees.
 - Koppel al die naaimasjiene aan 'n elektriese kontakpunt (gebruik verlengingskooorde indien nodig).
- Berei die puntestate met die leerders se name voor.
- Maak 'n 'stelletjie' op vir elke leerder wat uit die volgende bestaan: (*Deel uit aan die begin van die uitlê-en-sny-sessie.*)
 - Die materiaal volgens die korrekte grootte
 - Die patroon en instruksieblad
 - Die vereiste naaldwerkbenodigdhede

- Berei die klaskamer voor:
 - Maak seker daar is lang tafels vir die uitlê en uitsny van die items.
 - Koppel alle naaimasjiene en strykysters aan 'n elektriese kontakpunt.
 - Plaas 'n stoel voor elke naaimasjien.
 - Plaas strykysters op strykplanke (minimum van drie vir 'n groep van twaalf).
 - Maak seker dat daar genoeg naaldwerktoerusting, soos skêre, naalde, lostorringmessies, spelde, garing, spoeletjies, ekstra masjiennaalde, ens. is.
 - Skêre moet skerp wees. Laat dit slyp voordat die uitlê-en-sny-sessie plaasvind.

7. UITVOER VAN DIE TAAK

Uitlê en sny (1 uur)

- Wanneer die leerders die klaskamer binnekom vir hierdie sessie, moet elkeen sy/haar 'stelletjie' ontvang. Spelde en skêre moet beskikbaar wees.
- Leerders lê die patroon op die materiaal uit en sny.
- Die onderwyser sien na terwyl die leerders die take uitvoer.
- Leerders verwyder nie die patroon van die materiaal af nie, maar vou dit saam met die patroon steeds daaraan vasgespeld, plaas dit in die 'stelletjie' en lewer dit in.

Eksamen in kwartaal 2 (3 uur)

- Wanneer die leerders die vooraf voorbereide klaskamer vir hierdie sessie binnekom, ontvang elkeen sy/haar 'stelletjie'. Die leerders kry spelde, naalde, skêre en lostorringmessies. Hy/Sy toets die naaimasjien deur op 'n klein stukkie materiaal te werk. Hierdie stukkie materiaal moet dubbel gevou word.
- Wanneer al die leerders rustig is en seker is hulle naaimasjiene werk, begin die 3 uur en die leerders pak hulle 'stelletjies' uit.
- Leerders lewer hulle produkte na 3 uur in of hulle dit voltooi het of nie.
- Die onderwyser sien die produkte te geleger tyd na.
- **Nadat** die onderwyser die eerste eksamen nagesien het, mag leerders hulle foute korrigeer, verbeteringe aanbring en die artikel voltooi tot op die stadium waar eksamen 2 begin. Dit is 'n belangrike onderrig-en-leer-proses en moet tydens die weeklikse praktiese periodes plaasvind onder toesig van die onderwyser. **Dit sal egter nie hernagesien word nadat die korreksies aangebring is nie.**

Eksamen in kwartaal 3 (3 uur)

- Volg dieselfde prosedure as vir die vorige eksamen. Die korreksieprosedure daarna val weg.

8. TWEDE FASE VAN MODERERING

- Moderering deur die vakadviseur sal tydens die laaste deel van kwartaal 3 plaasvind. Die vakadviseur sal die onderwyser van die modereringsdatum in kennis stel.
- Die onderwyser moet die volgende vir die moderator op die modereringsdatum beskikbaar hê:
 - Al die leerders se items wat tydens praktiese klasse vir SGA gemaak is (indien nie tydens SGA-moderering gemodereer nie)
 - Al die leerders se items wat vir die PAT gemaak is
 - Al die items moet nagesien wees en die puntestate moet beskikbaar wees
- Die moderator sal 'n paar van die items hernasien.
- Die punte van die moderator sal dan met die punte van die onderwyser vergelyk word.


- Indien die moderator vind dat die prestasie van leerders en die punte deur die onderwyser toegeken, betekenisvol verskil van die verwagte standaard vir graad 12, sal 'n blokaanpassing gemaak word.
- Die finale gemodereerde punte sal op die gerekenariseerde puntetaal geskryf word.


BYLAE 1: VAARDIGHEIDSKODE VIR NAALDWERKKONSTRUKSIETEGNIEKE (vaardigheidskode stem ooreen met punttoekenning)


- Die gewigswaarde van 'n tegniek dui die moeilikheidsgraad van die tegniek sowel as die punte aan.
- Tegnieke vir die praktiese eksamen in graad 12 moet 'n totale gewigswaarde/punte van 100 hê.
- Elke tegniek word slegs een maal vir die berekening van die gewigswaarde gebruik.
- Onderwysers kan 'n tegniek wat nie genoem word nie, byvoeg nadat dit met die vakadviseur bespreek is. Die onderwyser en vakadviseur sal dan op 'n gewigswaarde vir daardie tegniek besluit.


| | | | |
|--|----|--|----|
| Uitlê en uitsny (30÷2 = 15) <ul style="list-style-type: none"> • Materiaal korrek gevou 4 • Alle patroondele op lengtedraad geplaas 5 • Alle relevante patroondele op vou geplaas 4 • Geen vermorsing van materiaal 4 • Patroondele korrek vasgespeld op materiaal 5 • Reguit geknip op snylyne 4 • Kepies akkuraat geknip 4 | 15 | Rygsplooie en naat om rygsplooie vas te stik <ul style="list-style-type: none"> • Korrekte steeklengte vir rygsplooie 2 • 2/3 rye rygstekte 1 • Rygsplooitjies egalig versprei 2 • Naat reguit, tussen 2 rye rygsels gestik 3 • Naatafwerking 2 | 10 |
| Nate en naatafwerkings Oop- of toe enkelnate met geskikte afwerkings <ul style="list-style-type: none"> • Stiksels reguit 3 • Naattoelatings korrekte en egalige breedte 2 • Naatafwerkings 3 | 8 | Pylinate (2 of meer) <ul style="list-style-type: none"> • Korrekte posisie 2 • Reguit gestik na smal punt toe 2 • Gare weggewerk/geknoop by punte 2 • Albei pylinate presies eenders 2 | 8 |
| Gekurfde nate: soos bo + egalige kurwe 4 | 12 | Maak en insit van moue <ul style="list-style-type: none"> • 3 rye rygstekte bo-om, inplooi 2 • Mou pas netjies in mousgat 3 • Alle nate en naatafwerkings netjies en korrek 2 • Mousroom 3 | 10 |
| Rolnate <ul style="list-style-type: none"> • Naat is aan binnekant van artikel 2 • Stiksel reguit 2 • Korrekte en egalige breedte 2 • Geen rafels wys aan regte kant 2 | 8 | Maak en aanheg van kraag met belegsels <ul style="list-style-type: none"> • Rand van kraag egalig gestik, dus egalige kurwe en/of skerp hoeke 3 • Eenders aan albei kante 2 • Naattoelating binne-in kraag korrek uitgedun 3 • Rand van kraag netjies geryg en gestryk 3 • Kraag pas netjies in tussen neklyn en belegsels 3 • Naat om kraag aan te heg egalig gestik, en naattoelating korrek uitgedun 3 • Belegsels egalige breedte met geskikte randafwerking 3 | 20 |
| Middelagternaat en rits <ul style="list-style-type: none"> • Reguit stiksel 2 • Naattoelating korrekte en egalige breedte 3 • Naatafwerking 3 • Stiksel om rits in te sit is reguit en korrekte afstand vanaf rits 5 • Onderste hoeke van rits netjies, hoekig gestik 3 • Rits bo korrekte afstand vanaf neklyn 2 • Twee kante van rits ewe hoog by neklyn 2 | 20 | Skuinsomboorsels en/of skuinsbelegsels <ul style="list-style-type: none"> • Knip en las van skuinsstroke 3 • Aanheg van omboorsel/belegsels vir randafwerking <ul style="list-style-type: none"> ○ Korrekte en egalige breedte 3 ○ Lê plat 3 ○ Masjienstiksel of glijsoomsteek met hand 3 | 12 |
| Bo-op gestikte sak <ul style="list-style-type: none"> • Vorm van sak, grootte en soom 4 • Korrekte posisie op kledingstuk 2 • Vasstik van sak aan kledingstuk 4 | 10 | Gefatsoeneerde belegsels (mousgat of neklyn)) <ul style="list-style-type: none"> • Naat om belegsels aan te heg: egalige stiklyn 3 • Belegsels pas in neklyn/mousgat en lê plat 3 • Naattoelating binne korrek uitgedun – kepies 3 • Belegsels egalige breedte, geskikte randafwerking 3 • Belegsels vasgeheg aan skouer/synate 3 | 15 |
| Voorste opening, knope en knoopsgate <ul style="list-style-type: none"> • Knoop- en knoopsgatstroke korrekte breedte, albei eenders 2 • Hoeke by neklyn eenders en netjies 3 • Hoeke by soom eenders en netjies 3 • Voorkoms en grootte van knoopsgate 5 • Aanwerk van knope 2 | 15 | Some <ul style="list-style-type: none"> • Oral egalige en korrekte breedte 3 • Lê plat, geen plooitjies 3 • Netjiese, reguit stiksel/netjies met hand gewerk 3 • Korrekte steeklengte/korrekte steek met hand 3 | 12 |
| Belegselslip <ul style="list-style-type: none"> • Netjies weerskante langs knip-/slitlyn gestik 2 • Netjiese hoek met 2 dwarsstekies 2 • Knip van opening 2 • Omkeer en plat ryg of stryk 2 | 8 | Versiering: drie tot vyf handborduurstekte <ul style="list-style-type: none"> • Goeie ontwerp, geskik vir artikel 3 • Goeie keuse van kleure 3 • Uitvoering van borduurwerk 4 | 10 |
| Vasmaakmiddels Lussie (5) en knoop/hakie (3) | 8 | | |

VOORBEELDE VAN PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK IN KLEDING

| Voorbeeld 1 | Rokkie vir kleuter 1 | Gewigswaarde/Punte | |  |
|--------------------|---|--------------------|------------|---|
| Vooraf 1 uur | Uittê en uitknip | | 15 | |
| Eksamen 1 3 uur | Skouer- en lyfienate (oop enkelnate met geskikte afwerking) | 8 | 38 | |
| | Rygsplooie in rompie | 10 | | |
| | Aanmekaarwerk van bolyfie en rompie | 20 | | |
| Eksamen 2 3 uur | Middelagternaat en rits | 20 | 47 | |
| | Soom | 12 | | |
| | Maak en aanheg van kraag | 20 | | |
| | Mousgate: gefatsoeneerde belegsels | 15 | | |
| | | | 100 | |

| Voorbeeld 2 | Rokkie vir kleuter 2 | Gewigswaarde/Punte | |  |
|--------------------|---|--------------------|------------|--|
| Vooraf 1 uur | Uittê en uitknip | | 15 | |
| Eksamen 1 3 uur | Skouer- en lyfienate (oop enkelnate met geskikte afwerking) | 8 | 38 | |
| | Rygsplooie in rompie | 10 | | |
| | Aanmekaarwerk van lyfie en rompie | 20 | | |
| Eksamen 2 3 uur | Middelagternaat en rits | 20 | 47 | |
| | Gefatsoeneerde belegse: neklyn | 15 | | |
| | Maak en insit van moue | 10 | | |
| | Some: romp en moue | 12 | | |
| | Versierings | 10 | | |
| | | | 100 | |

| Voorbeeld 3 | Rokkie vir kleuter 3 | Gewigswaarde/Punte | |  |
|--------------------|---|--------------------|------------|---|
| Vooraf 1 uur | Uittê en uitknip | | 15 | |
| Eksamen 1 3 uur | Skouer- en synate met geskikte afwerking | 8 | 43 | |
| | Belegselslip | 8 | | |
| | Gefatsoeneerde belegse: neklyn | 15 | | |
| | soom | 12 | | |
| Eksamen 2 3 uur | Skuinsomboorsels: Mousgate | 12 | 42 | |
| | Opgestikte sak | 10 | | |
| | Lussie en knopie agter by nek | 8 | | |
| | Versierings: Handgeborduurde steke op sakke | 10 | | |
| | | | 100 | |

| Voorbeeld 4 | Hempie vir kleuter | Gewigswaarde/Punte | |  |
|--------------------|--------------------------------------|--------------------|------------|---|
| Vooraf 1 uur | Uittê en uitknip | | 15 | |
| Eksamen 1 3 ure | Nate en naatafwerkings | 8 | 43 | |
| | Insit van moue | 10 | | |
| | Gefatsoeneerde belegse: neklyn | 15 | | |
| | Opgestikte sak | 10 | | |
| Eksamen 2 3 ure | Voorste opening, knope en knoopsgate | 15 | 42 | |
| | Masjiengestikte some | 12 | | |
| | Bo-opstiksels | 5 | | |
| | Versiering | 10 | | |
| | | | 100 | |

VOORBEELD VAN PUNTETSTAAT

| PUNTESTAAT Kleuterrokkie 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|--|---|--------|------------|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|
| | Name van leerders | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 | Uitlê en uitknip (word vooraf gedoen) | 30 ÷ 2 | 15 | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Materiaal korrek gevou | 4 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Patroondele op lengtedraad geplaas | 5 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Alle relevante patroondele op vou geplaas | 4 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Geen vermorsing van materiaal | 4 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Vassteek van patroondele op materiaal | 5 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Knip reguit op kniptyne | 4 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Kepies akkuraat geknip | 4 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| PRAKTIESE EKSAMEN KWARTAAL 2: TYD 3 UUR | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2 | Some: skouer (lyfie) | | 8 | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Reguit gestik | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Naattoelating korrekte, egalige breedte | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Naatafwerking | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 3 | Rygsplooië. Aanmekaarwerk van lyfie en romp | | 10 | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Korrekte steeklengte vir Rygsplooijies | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 2 rye rygsteke | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Plooijies eweredig versprei | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Reguit stiksel in middel van rygsteke | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Naatafwerking | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 4 | Middelagternaat en rits | | 20 | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Reguit stiksel | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Naattoelating korrekte, egalige breedte | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Naatafwerking | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Stiksel bo-op rits reguit, korrekte afstand van rits | 5 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Onderste hoeke van rits netjies, hoekig gestik | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Rits bo korrekte afstand vanaf neklyn | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Twee kante van rits ewe hoog by neklyn | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| PRAKTIESE EKSAMEN KWARTAAL 3: TYD 3 UUR | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 5 | Soom | | 12 | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Oral egalige, korrekte breedte | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Lê plat, vorm nie plooijies | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Netjiese reguit stiksel | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Korrekte steeklengte | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 6 | Maak en aanheg van kraag | | 20 | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Rand van kraag egalige kurwe, skerp hoeke | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Naattoelating binne-in kraag korrek uitgedun | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Albei kante voor presies eenders | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Kraagrand netjies plat ryg en gestryk | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Kraag pas mooi tussen neklyn en belegsels | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Naat wat kraag vasheg egalig gestik, en naattoelating korrek uitgedun | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Belegsels egalige breedte, geskikte randafwerking | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 7 | Gefatsoeneerde belegsels: mousgate | | 15 | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Nate wat belegsels vasheg: egalig, korrekte breedte | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Belegsels lê plat en pas mooi in mousgat | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Naattoelating binne korrek uitgedun | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Belegsels egalige breedte en geskikte afwerking | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Belegsels vasgeheg aan skouer- en synate | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Totaal | | 100 | | | | | | | | | | | | | | | | |


VAARDIGHEIDSKODE VIR KONSTRUKSIETEGNIEKE GEBRUIK IN SAGTE MEUBLEMENT

- Die gewigswaarde van 'n tegniek dui die moeilikheidsgraad van die tegniek sowel as die punte aan.
- Tegniese vir die PAT in graad 12 moet 'n totale gewigswaarde/punte van 100 hê.
- Elke tegniek word slegs een maal vir die berekening van die gewigswaarde gebruik.
- Onderwysers kan 'n tegniek wat nie genoem word nie, byvoeg nadat dit met die vakadviseur bespreek is. ' Die onderwyser en die vakadviseur sal dan op 'n gewigswaarde vir daardie tegniek besluit.

| Tegniek | | |
|---|--------|-----------|
| Uitlê en uitsny van patroon | (16÷2) | 8 |
| • Materiaal korrek gevou | 4 | |
| • Patroondele op die lengtedraad geplaas | 4 | |
| • Geen vermorsing van materiaal | 4 | |
| • Akkuraat uitgeknipt | 4 | |
| Uitsny vanaf afmetings, sonder 'n patroon | | 8 |
| • Item akkuraat afgemete en gemerk op materiaal | 4 | |
| • Akkuraat en reguit geknipt | 4 | |
| Nate en naatafwerkings | | 8 |
| Oop- of toe enkelnate met geskikte afwerkings | | |
| • Reguit gestik | 3 | |
| • Naattoelating korrekte en egalige breedte | 2 | |
| • Naatafwerking | 3 | |
| Gekurfde nate: soos bo + egalige kurwe | 4 | 12 |
| Nate met hoeke: soos bo + hoeke | 4 | 12 |
| Rolnate | | 8 |
| • Naat is reg begin en aan binnekant van artikel | 2 | |
| • Stiksel reguit | 2 | |
| • Korrekte en egalige breedte | 2 | |
| • Geen rafels wys aan regte kant | 2 | |
| Valle | | 12 |
| • Smal soompies oral ewe breed, netjiese stiksel | 4 | |
| • 2 rye rygsteke | 4 | |
| • Aanheg van val: naat en naattoelating | 4 | |
| Bo-op gestikte sak | | 10 |
| • Vorm van sak, grootte en soom | 4 | |
| • Korrekte posisie op artikel | 2 | |
| • Vasstik van sak aan artikel | 4 | |
| Maak en aanheg van bande ('slings') (sakke) | | 10 |
| Paslakens se hoeke (meet, sny, stik, aanstik van rek) | | 8 |
| Kwiltwerk | | 15 |
| Opmeekaarsit van boonste-, tussenlaag en voering | 5 | |
| Ryg lae opmeekaar en merk stiksels akkuraat | 5 | |
| Stiksels reguit en akkuraat | 5 | |

| Tegniek | | |
|--|----|-----------|
| Rits | | 15 |
| • Naatafwerking | 3 | |
| • Naat platgestryk, egalige breedte | 3 | |
| • Stiksel om rits in te sit reguit, korrekte afstand vanaf rits, albei kante eenders | 6 | |
| • Hoeke bo en onder netjies en vierkantig gestik | 3 | |
| Skuinsomboorsels | | 14 |
| • Knip en las van skuinsstroke | 5 | |
| • Aanheg van omboorsel vir randafwerking | | |
| o Korrekte en egalige breedte | 3 | |
| o Lê plat | 3 | |
| o Masjienstiksel of glipsoomsteek met hand | 3 | |
| Buisboorsel ('piping') | | 15 |
| • Knip en las van skuinsstroke | 5 | |
| • Maak buisboorsel | 5 | |
| • Insit van buisboorsel in nate | 5 | |
| Knope en knoopsgate | | 12 |
| • Knoopsgate: grootte, voorkoms | 10 | |
| • Aanwerk van knope | 2 | |
| Versiering: drie tot vyf handborduursteke | | 10 |
| • Goeie ontwerp, geskik vir artikel | 3 | |
| • Goeie keuse van kleure | 3 | |
| • Borduursteke | 4 | |
| Some | | 12 |
| • Oral egalige en korrekte breedte | 3 | |
| • Lê plat, geen plooitjies | 3 | |
| • Netjiese, reguit stiksel | 3 | |
| • Korrekte steeklengte | 3 | |
| Maak 'n buis ('casing') en ryg 'n rek daarin | | 8 |
| Gebruik Velcro as vasmaakmiddel | | 8 |
| Insit van voering (gordyn of sak) | | 5 |
| | | |
| | | |

VOORBEELD VAN 'N PAT IN SAGTE MEUBLEMENT

| | Sak vir kleuter | Gewigswaarde/ Punte | | |
|-------------------|---|------------------------|--|--|
| Sessie 1 1 uur | Plaas en speld patroon vas op materiaal. Sny materiaal, voering, stopsel, sak en bande. Sny en heg skuinsomboorsel. | 8 |  | |
| Sessie 2 3 uur | Sak met ritsluiser | 10 | | |
| | Bo-op gestikte sak | 10 | | |
| | Materiaal en stopsel plat geryg. Stik synate. | 8 | | |
| | Stik synate van voering. Plaas voering binne sak en platryg rande saam. | 8 | | |
| | Borduursel op sak. | 10 | | |
| | Heg skuinsomboorsel vir randafwerking. | 9 | | |
| Sessie 3 3 uur | Maak en heg bande. | 10 | | |
| | Maak knoopsgate en werk knope vas. | 12 | | |
| | Totaal | 90 | | <p>Appliek uitgelaat – nie van toepassing nie. Bande het knope en knoopsgate. Sak het 'n rits, of binnesak met rits.</p> |
| | | Herlei na 100 | | |

KONTROLELYS**VERBRUIKERSTUDIES: KLEDING EN SAGTE MEUBLEMENT
PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK**

SKOOL:

GRAAD:

ONDERWYSERES:

MODERATOR:

| | | |
|---------------|--------------------------------|----------------------|
| Datum van PAT | Datum aan vakadviseur voorgelê | Datum van moderering |
| | | |

| KRITERIA | JA/NEE | KOMMENTAAR |
|---|--------|------------|
| Item(s) vir die Praktiese Assesseringstaak | | |
| Toetse | | |
| • 'n Illustrasie van die item(s)/fotokopie van die patroonkoevert | | |
| • 'n Kopie van die instruksieblad wat aan leerders gegee sal word | | |
| • 'n Puntetaal om gewigswaarde van die tegnieke en die puntetoekenning aan te dui | | |
| • Lys van aankope | | |
| • Geraamde koste per leerder | | |
| • Voorgestelde modereringsdatum | | |

ONDERWYSER(ES): _____

DATUM: _____

SKOOLHOOF: _____

DATUM: _____

MODERATOR: _____

DATUM: _____